WEEK 15 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

BEDIENINGSBEGELEIDING
NETWERK: MENSWAARDIGHEID

Traumaberading: Die Familie van NG Kerke is tans saam in 'n Seisoen van Menswaardigheid om deur die waardes van respekteer, luister, omarm en liefhê, deel te neem aan herstel in Suider-Afrika. Ons word geroep om hierdie waardes met ywer uit te bou. Ook om deel te wees van genesing waar menswaardigheid geskend word.

Trauma is deel van ons hartseer werklikheid en daarom word Traumaberading deur die NG Kerk Vrystaat se Bedieningsbegeleiding gevestig om plaaslike berading aan getraumatiseerdes in gemeentes en gemeenskappe beskikbaar te stel. Dr Johan Nel van die Pastorale Terapie Spreekkamer by die Universiteit van die Vrystaat (UV) en wat by HPCSA (*Health Professions Council of South Africa*) geregistreer is, tree as traumaberader op.

Traumaberading wat Bedieningsbegeleiding aanbied, verloop as volg:

Stap 1: Waar traumatiese gebeure in 'n gemeenskap plaasvind, kan óf Bedieningsbegeleiding die gemeente nader en Traumaberading aanbied, óf die gemeente kan Traumaberading versoek.

Stap 2: Tydens die eerste plaaslike kontakbesoek word die leraar ondersteun en toegerus, sowel as sessies vir getraumatiseerdes aangebied. Bedieningsbegeleiding vergoed dienste aan die betrokke leraar. Die moontlikhede van vergoeding vir verdere berading sluit in persoonlik, mediese fondse, gemeente, of die Ring. Traumaberading word inklusief en oor grense aangebied.

Stap 3: Opvolgbesoeke word met die berader afgespreek.

Navrae: Dr Johan Nel
083 400 0267
jnel@ufs.ac.za

Ds Barnard Steyn
082 842 7028
bicsteyn@ngkvs.co.za

NETWERK: SPIRITUALITEIT

Retreat vir leraars en gades saam met dr Willem Nicol

Datum: 1 - 4 Augustus 2018 (1-3 vir leraars & 3-4 vir leraars en gades)

Plek: Menuha Retreat Sentrum



Dr Nicol se boek, ***Oop vir die oomblik***, sal as basis dien vir hierdie retreatgeleentheid. Dit sal uit **twee afdelings bestaan**:

1. **Woensdag 1 Aug tot Vrydag 3 Aug:** Dr Nicol hanteer die tema, ***Oop vir die oomblik*** - slegs vir die leraars.
   Koste: R550pp

2. **Vrydagaand 3 Aug tot Saterdagmiddag 4 Aug:** Hierdie geleentheid is vir die leraars en hulle gades, aangebied deur dr Nicol en sy vrou.
   Koste: R365pp

3. **Leraars en hulle gades is welkom om nog langer aan te bly tot die Sondag.** Geen formele program sal dan aangebied word nie, net 'n saamkuier om die natuur en stilte van Menuha geniet. Dit sal dan 'n *self-catering* geleentheid wees - alle geriewe is beskikbaar. Die koste hiervoor is R200pp (slegs vir die verblyf).

Daar is beperkte plek beskikbaar, bespreek dus so gou moontlik - **sluitingsdatum is Donderdag 31 Mei 2018.** Kontak vir Robbie du Toit op 084 401 6117, of stuur 'n e-pos aan robbiedutoit12@gmail.com

GEMEENTENUUS

NG Vierfontein: Klik **hier** vir al die besonderhede oor hierdie kompetisie wat op **Woensdag 30 Mei 2018, sluit.**

Beide gemeentes in Odendaalsrus bied 'n Jeugfees aan: Dit vind op die sportgronde van die Hoërskool Wessel Maree plaas en **begin om 09h00** (dit is 'n Publieke Vakansiedag, gaan ondersteun hulle gerus!)

KONFERENSIES / KURSUSSE

Pastorale beradingskursus - *Die digitale impak op kinders en jongmense - pastorale riglyne:* Hierdie geleentheid, aangebied deur prof Wentzel Coetzer, vind op **Saterdag 19 Mei 2018 vanaf 08:00 - 13:00** plaas. Die ontwikkeling van die Internet en die positiewe bydrae wat dit kan lewer op verskillende terreine is fenomenaal - tog is die moontlike negatiewe invloed ook oorweldigend. Dit kan olie op die vuur wees van reeds bestaande verslawings, of verkeerde lewenstylkeuses en sodoende ontwikkel tot 'n vernietigende invloed met dieselfde krag as 'n Tsunami. Die fokus van hierdie kursus is op ontwikkelings rondom die sogenaamde '*digital invasion*' die afgelope aantal jare, asook die geweldige impak op die denke en algemene benadering van talle kinders en jongmense. Daar word onder andere ook gelet op die twee duidelik onderskeibare groepe, naamlik *digitale inboorlinge* vs *digitale immigrante* (*digital natives vs immigrants*). 'n Aantal probleemareas en slaggate word uitgewys, tesame met verskeie praktiese en pastorale riglyne.

Plek: Studente Hervormde Kerk, Silwerstr 19, Potchefstroom (net langs klein kragstasie)
GPS koördinate: Suid: 26.41.590 - Oos: 27.5.079
Akkreditering: 5x VBO-punte, asook 4x CPSC-punte
Koste: R250pp (egpare R350, studente R150)
Handleiding te koop (opsioneel): R160 (posgeld R60 ekstra)
Om te bespreek: U moet vooraf die nodige fooie inbetaal by: Capitec spaarrek 1487438425 - takkode 470010 -
reknaam Prof WC Coetzer (bevestig dan asb daarna per e-pos)
Navrae: 083 660 0409, of 082 577 8810, of e-pos: **wentzelc@gmail.com**

Mission Express Retreat, Bloemfontein (Fresh Expressions):

Die meeste van julle het al gehoor van *Fresh Expressions* (vars uitdrukkings van kerkwees) en hoe inspirerend hulle vars aanslag van kerkwees is wat die volgende generasie weer opgewonde kan maak oor die kerk. Normaalweg is daar 'n koste verbonde aan die opleiding, maar ons het 'n verkorte opleidingskursus saamgestel met maksimum impak om die koninkryk te bou. Die enigste koste is die bordjie eetgoed wat jy saambring om rondom die middagete-tafel met mekaar te deel. Die kursus is oor drie sessies deur die loop van die jaar versprei, sodat dit makliker hanteerbaar is - slegs drie Saterdae.

Die eerste sessie is weer op Saterdag 21 April 2018 herhaal. Die ander sessies word aangebied op die datums op **bygaande advertensie**.

Dit is nie gekoppel aan 'n spesifieke denominasie of genootskap nie, maar saamgestel vir alle kerke om dit aan te neem en tot hul voordeel aan te wend. Bring gerus enige een saam sodat hulle toegerus en geïnspireer kan word om die koninkryk en kerk te bou op nuwe maniere wat mense op vars maniere sal bereik. Die voortbestaan van die kerk hang van hierdie inisiatief af. Lees gerus ook **hier** 'n berig oor *Fresh Expressions* wat onlangs in *e-Kerkbode* verskyn het.

ALGEMEEN

Hierdie uitnodiging word aan alle leraars, orreliste, musiekleiers, aanbiddingsleiers en enige ander belangstellendes gerig. Die opedag vind plaas op **Saterdag 9 Junie 2018 om 08:30** by die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria-Oos (Delyweg 100, Waterkloof-Park, Pretoria - 25.7895° S, 28.2629° E).

Klik op die biljet vir vollediger inligting oor die program, inksrywingsvorm, ensovoorts.

Versoek: Liturgiese Voorstelle en Formuliere

Daar behoort altyd 'n kreatiewe spanning tussen wortels en vlerke (betroubare weë en nuwe moontlikhede) te wees… ook in oorgangstye. Die NG Kerk bevind haarself midde in 'n gekose kultuurskuif na 'n missionale kerk. 'n Ryke verskeidenheid gebede, belydenisse, simbole, rituele, formuliere en ander liturgiese elemente is in omloop. Neem gerus kennis van die "Gebedeboek met liturgiese voorselle" wat in 2002 uitgegee is (hierby aangeheg). Die Algemene Sinode se "Missionale Kerkwees - Erediens en Liturgie",

onderneem om ‘n dokument getiteld “Liturgiese Voorstelle vir ‘n Missionale Kerk” saam te stel om in eredienste te benut. Die formaat vir “Liturgiese Voorstelle vir ‘n Missionale Kerk” is:



*** Vier bewegings in die Erediens:**

- God versamel ons
- Diens van die Woord
- Diens van die Tafel
- Uitsending

*** Inleidend tot elke beweging:**

- Wat behoort ‘n missionale gemeente AF te leer?
- Wat behoort ‘n missionale gemeente AAN te leer?

Versoek: ***Stuur asseblief bydraes van liturgiese voorstelle en formuliere wat in missionale eredienste benut kan word teen Dinsdag 31 Julie 2018 na:*** Suzanne van der Merwe by **suzannekleynhans@gmail.com**

Bydraes sal deur die samestellers (Barnard Steyn, Suzanne van der Merwe, Dieter de Bruin en Tertius Erasmus) oorweeg en bygewerk word.